# Makwe Mission Quionga Mozambique – Gebedsbrief 1/2019

**Webblad:**[*www.gcx.org/Makwe_Mission*](http://www.gcx.org/Makwe_Mission)



---

Ons het met die spoed van die heilige wit eland weggespring met besoeke na die begin van die skool kwartaal. Ons het al 7 Makwe Mission besoeke, 6 Mosambiek geletterdheid besoeke (behalwe vir die wat reeds in Desember gedoen is), welwillendheids besoeke, en vergaderings gedoen. Geletterdheid se besoeke is redelik versprei en dit het 'n paar kilometers se reis ook ingesluit. Ons vertrek nou op 2 weke se besoek aan die Weskus en Namakwaland vir geletterdheid. Ons word vergesel op hierdie besoeke deur Isaac Gama, bestuurder van die geletterdheid projek in Milange. Dit sal nog 'n hele paar honderd kilometers se reis wees. Dan het ons nog 'n paar van ons eie ondersteuners om te besoek voor ons hopelik teen die middel van Maart deur die grens gaan.




Ons het ook die geleentheid gehad om saam met ander sendelinge 'n retraite te beleef in die lieflike Hemel-en-Aarde vallei. Dit was 'n tyd van stil wees en ook van deel.



Ons is gereeld in kontak met die werkers by die huis, asook met die predikant wat nou in Palma woon. Die berigte oor die aanvalle is nie goed nie. Dit wil voorkom asof die frekwensie en felheid van die aanvalle nou toeneem. Daar is 'n dorpie so 20 km van Quionga af aangeval en die mense van daardie dorp en die dorp 7km van ons af het nou almal na Quionga gevlug. Ons dorp het nog geen aanvalle beleef nie.

Ons het in Junie 2014 gevoel die Gees dring ons om die ingange van die dorp te salf. Ons het twee teksverse of houtplankies geskryf . Dit het ons aan bome by die vier ingange na die dorp vasgespyker. Ons het ook die grond fisies gesalf met 'n streep olie. Ons het op daardie stadium gedink ons salf die dorp sodat mense tot inkeer sal kom.




Ons het op 25 Junie hierdie jaar (2014) begin ons met geestelike oorlogvoering vir die dorp en sy mense. Ons het begin deur twee Bybelverse te plaas by al vier ingange na die dorp. Ons het ook die ingange gesalf met olie. Die verse is Jesaja 45:8 en Filippense 2:9-11.



Ons loop nou elke Woensdag deur die dorp en bid vir die mense. Ons groet en kuier so ver soos ons gaan.



Bid saam met ons dat die reën van redding oor hierdie mense sal uitsak en dat Sy Naam verhef sal word en elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Jesus Christus die Here is!

'n Week of twee gelede het André tydens sy stiltetyd weer daaraan gedink en ons het die fotos gaan opsoek wat ons op daardie stadium geneem het. (Hierbo het ons vir julle 'n uittreksel geplaas uit die brief van 2014) Die gedagte het by hom opgekom dat die salf van die ingange op daardie tydstip was vir 'n tyd soos nou. Dat die bedoeling was om mense uit te hou en die dorp te beskerm teen die aanvalle wat nou plaasvind. Die radikales was reeds voor daardie tyd aktief in ander areas, maar ons glo dat die salwing van die vier ingange, en die wyering van die Moslem leiers van die dorp om die radikale leer in die dorp toe te laat, ons dorp nou beskerm teen hierdie aanvalle. Vertrou asseblief saam met ons dat hierdie mense nie ons dorp sal inval nie. André sê elke keer vir die werker hulle moenie bang wees nie. Ons bid vir hulle en die aanvallers sal nie ons dorp inval nie. Met die laaste gesprek het hy afgesluit met "Pappa, julle moenie ophou om vir ons te bid nie!" Watter magtige wonderwerk sal dit nie wees as hierdie hele dorp as gevolg van dit alles tot inkeer sal kom nie!!

Ons het die laaste paar maande regtig baie gesukkel met ons sonstelsel. Ons het op 'n punt gekom waar ons nou 'n nuwe stel batterye en ook ander sonpanele nodig het. Die totale koste vir hierdie aankope sal ongeveer R24000 wees. Die sonpanele wil André dan op 'n raam monteer wat mens kan skuif om die optimale son op te vang. Op die dak lê hulle net te plat en gedurende die somermaande laai die batterye dan nie vol nie.

Escolinha Neema het Maandag weer begin en die juffrou het laat weet dat daar 24 kinders op die eerste dag van skool was. Bid asseblief vir hulle wat nou in die volgende weke in ons afwesigheid met die skool moet aangaan. Bid dat die opleiding wat hulle ondergaan het in November/Desember sal inskop en dat die kinders mooi sal saamwerk.

**Gebedsversoeke:**

- Vir die res van ons besoeke
- Vir veiligheid op die pad oor die honderde kilometers wat ons moet aflê
- Vir al die nuwe ondersteuners wat ons nou ontmoet - volgehoue ondersteuning
- Dat ons elke dag net sal fokus op God, Sy wil vir ons en die mense waar ons leef
- Dat ons Sy stem duidelik sal hoor

**Danksegging:**

- Vir al die mense wat ons met soveel liefde ontvang
- Vir die Vader wat sy hand elke dag oor ons hou
- Vir die mense van ons dorp en omgewing
- Vir die onderwyseres en helpers by die skool
- Vir ondersteuners wat vir ons bid
- Vir ondersteuners wat finansieel bydra tot ons bediening sowel as die geletterdheid projek

In Christus

**André& Anna-Marie Thiart, Quionga, Mozambique**
Epos: *thiartaa@gmail.com*
Facebook: Makwe Mission - https://web.facebook.com/MakweMission/
Webblad: *www.gcx.org/Makwe_Mission*

CelnrMoz*:* *+258 86 68 42 675*
*+258 84 228 9038*

Skype: andre-thiart

Celnr SA: *+78 348 1914 + Whatsapp - André*
*+73 909 5288 +Whatsapp - Anna-Marie*

Ondersteuningsorganisasie: Mission 4X4.
Kontakpersoon: Hannes de Villiers (hannes@mission4x4.co.za) of addisioneel:-
Nick Olivier (serve@mission4x4.co.za)
Jaco van Vuuren (jaco@memoryinstitute.co.za)
Anthonie Welman (anthonie@elsabewelman.co.za)

Finansies: Elsabe Welman (emwelman@mweb.co.za)
Bank besonderhede: ThiartSendingpos, Absa Bank – 632005, 9068791513